Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

NASIONALE

STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL TWEE

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL SEPTEMBER 2009

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye

INSTRUKSIES/OPDRAGTE EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   i. AFDELING A: Gedigte (30 punte)
   ii. AFDELING B: Roman (25 punte)
   iii. AFDELING C: Drama (25 punte)

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord VYF VRAE in totaal: 3 uit Afdeling A, 1 uit Afdeling B en 1 uit Afdeling C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6. Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.

7. Beantwoord elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   1. Afdeling A: ongeveer 40 minute
   2. Afdeling B: ongeveer 55 minute
   3. Afdeling C: ongeveer 55 minute

Inhoudsopgawe

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae:**		
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**
1 (**Versagtende omstandighede**)	Opstelvraag	10
	OF	
2 (**Herinneringe**)	Kontekstuele vraag	10
	OF	
3 (**Marilyn Monroe: foto in rou**)	Kontekstuele vraag	10
	OF	
4 (**27 april 1994**)	Kontekstuele vraag	10
	EN	
Ongesiene gedig: Beantwoord ENIGE EEN vraag.		
5 (**Man wat doof word**)	Opstelvraag	10 punte
	OF	
6 (**Man wat doof word**)	Kontekstuele vraag	10 punte
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag uit die volgende:***		
7 (**Die kwart-voor-sewe lelie**)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
8 (**Die kwart-voor-sewe lelie**)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
9 (**Manaka plek van die horings**)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
10 (**Manaka plek van die horings**)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
11 (**Vatmaar**)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
12 (**Vatmaar**)	Kontekstuele vraag	25 punte
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag uit die volgende:***		
13 (Krismis van Map Jacobs)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
14 (Krismis van Map Jacobs)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
15 (Mis)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
16 (Mis)	Kontekstuele vraag	25 punte

***LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdeling B en C.**

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees onderstaande gedig en beantwoord die vraag wat daarna volg.

Versagtende omstandighede **(Peter Snyders)**

Oe Here, ek hoor dis so wonnerlik
innie hiemel,
maa Here, vergiewe,
die hiemel issie my soort liewe,
ek hou van sing en harpmusiek
maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.

En Here, dit sal hel vi my wies
om met niks-doen myself elke dag te vervies;
en sover dit die goudstrate
en pearly-gates betref,
wat baat dit?
Klip en teer is veels meer werd.

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
want waa hy nie kan exploit nie
is hy tog te naar;
en hou hom dop want sonner om te aarsel
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Ja, Here, ekket my foutjies oek
en waar amil perfek is
sal ek heeldag vloek,
want volle perfection en contentment
sal my torture tot binne-in my fonnement.

En dan boenop hoor ek
seks is yt –
soe stuur my aire hel toe
of waar ek my talent kan gebryk.
En as ek te goed is
om gebraai te word
laat my lieweste trug kom, Lord

as kunstenaar na ‘n land
in ‘n historiese tyd –
soes Suid-Afrika,
waar ek kan teer
op ‘n tesamebeleid.

35 En tussen die revolutions
36 (hou my aanie underdog se kant)
37 sorg dat ek by Florrie
38 (vroeër mevrou Soetwater)
39 voorit te laat is, beland.

40 Laat my dan liewer hier
41 oppie aarde ly
42 as om vir iewag in u
43 grafstienhiemel te bly.

OPSTELVRAAG

In hierdie satire spot die digter met die lewe in die hemel wat nie by die spreker se geaardheid sal pas nie.

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy die spreker se "versagtende omstandighede" wat hy aanvoer waarom hy nie hemel toe kan gaan nie evalueer en bespreek die redes waarom hy liefs op die aarde wil bly. Verwys in jou antwoord na:

- Die versagtende omstandighede wat die spreker aanvoer om nie hemel toe te gaan nie.
- Die ironiese humor in die spreker se redes om op die aarde te bly.
- Die taalgebruik

/10/

VRAAG 2

Lees onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Herinneringe (Koos du Plessis)

Jou beeld is 'n verflenterde foto
in 'n skewe, versplinterde raam
en 'n sestal geskommelde letters
spel jou tweelettergrepige naam.

Jou woorde is dor manuskripte
vir die motte bewaar op die rak
en ons dae 'n kralesnoer syfers
op 'n outydse muuralmanak.

Jou oë was die kleur van die aarde,
van saffier, van smarag of agaat,
en jou stem 'n ontwykende deuntjie
gevange in 'n stukkende plaat.

vergete is die lag in jou oë
of die tranespoor oor jou wang,
maar soms in die nanag onthou ek
hoe diep ek na jou kon verlang.

Want wat ek vir altyd wou vashou,
het die tyd uit my hande laat gly
en wat ek so graag wou vergeet het,
is vir ewig gebalsem in my.

2.1 Gee die betekenis van die titel. [1]

2.2 Na wie verwys "Jou" in versreël 1? [1]

2.3 Skryf 'n woord uit strofe 1 neer wat 'n ooreenkoms toon met "stukkende" in versreël 12. [1]

2.4 Skryf 'n woord uit strofe 5 neer wat in kontras staan met "vashou" in versreël 17. [1]

2.5 Wat is die konnotasie (figuurlike betekenis) van: "vir die motte bewaar" (versreël 6)? [1]

2.6 Verklaar die betekenis van versreël 11: "en jou stem 'n ontwykende deuntjie". [1]

2.7 Hoekom maak die digter gebruik van die gebroke rymskema? [1]

2.8 Sê in een woord wat die tema (kernboodskap) in die gedig is. [1]

2.9 Lewer kommentaar op die gebruik van die v-alliterasie in die gedig. [2]

/10/

VRAAG 3

Lees onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Marilyn Monroe: foto in rou **(Joan Hambidge)**

Beskeie waag ek
vanaand ‘n gedig
oor jou Nee eintlik vir jou

ek wou begin:
die argetipiese seksgodin
wat ander voor en na
leepoog weg laat kyk

besluit: té dramaties
gewigtig lomp
ensovoort

my onvermoë word nou
net ‘n oomblik lank
opgehef

wanneer ek met ‘n skok
Bert Stern se L.A.-foto
sien

dat toeval hier net toevallig
was, glo ek nie
Marilyn Monroe in rou!

net die skouers wys effe
lyf (verder niks)
soos ons gewoond was

jou kop skalks weg áfgedraai
jou hand voor jou mond
asof jy stil waarsku: ek word nie meer gebruik

26 jou linkeroog bot toe
27 selfs die wimpers glimmend swart
28 dan: die immer wit gebleikte hare

29 O altyd witter ja witter as sneeu
30 begin swart uitskif
31 in jou sagte swanenek
32 hiervolgens moes jy wel weet
33 (kyk selfs die moesie wit)
34 of was jy reeds tot-die-einde-toe

35 moeg?
36 die dood is net ‘n droom

3.1 Haal ‘n woord uit die gedig aan wat Marilyn Monroe se ikoonstatus die beste beskryf. [1]

3.2 Gee ‘n bewys dat hierdie gedig in die vorm van ‘n gesprek geskryf is. [1]

3.3 Haal die woord uit strofe 1 aan wat vir ons sê dat die spreker groot agting vir Marilyn Monroe het. [1]

3.4 Waarna verwys versreël 19? [1]

3.5 Skryf drie opeenvolgende woorde uit versreëls 20 tot 22 neer vir dít waarvoor Marilyn Monroe bekendheid verwerf het. [1]

3.6 Waarvan word “witter” in versreël 29 ‘n simbool? [1]

3.7 Verduidelik die gebruik van die hakies in versreël 33. [2]

3.8 Dink jy die samelewing het ‘n aandeel in Marilyn Monroe se dood gehad? Motiveer. [2]

/10/

VRAAG 4

Lees onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

27 april 1994 (Vincent Oliphant)

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur ‘n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om ‘n lied vir my land
soos ‘n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

4.1 Waarna verwys die titel? [1]

4.2 Benoem die versvorm. [1]

4.3 Skryf die woord, wat die spreker se gevoel die beste opsom, uit strofe 1 neer. [1]

4.4 Skryf drie “nuutgebore” dinge waarna die spreker in strofe 2 verwys, ondermekaar neer. [1]

4.5 Watter ooreenkoms, ontdek die spreker, is daar tussen hom en sy voorgeslagte? [1]

4.6 Waarna verwys “gleuf” in versreël 3? [1]

4.7 Verduidelik die metafoor in versreël 11. [1]

4.8 Wat is die funksie van die v-alliterasie in die gedig? [1]

4.9 Dink jy dat almal soos die spreker "nuutgebore" is ná 27 April 1994? Motiveer. [2]

/10/

VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG

OPSTELVRAAG

Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord die vraag.

Man wat doof word **Peter Blum**

Hulle wil my nie kwes nie, maar ek kom agter
dat hulle harder praat terwille van my,
want sodra ek my rug draai, praat hulle sagter,
en my aandeel in die gesprek vergly

in 'n onbestemde ruising. Snags, by duister
wanneer klein geluide groei, laat ek my streel
deur water wat vérweg vloei, 'n kraan wat fluister
- en weet ek nie of ek dit my verbeel.

Vertroude stemme is nog helder en skoon
- maar miskien net omdat ek die gehoorde
kan takseer volgens toonkleur, en met ál

my kennis ván, gevoel vír, die persoon;
Omdat vertroudes kan klaarkom met min woorde?
ook dáárom.
Later sal selfs dít wegval.

OPSTELVRAAG

Evalueer die agteruitgang van die spreker se gehoor en bespreek die invloed wat dit op hom en die mense na aan hom het in 'n opstel van 250 – 300 woorde.

Verwys in jou antwoord na:

- die titel
- die herhaling van klanke
- woordgebruik

[10]

VRAAG 6: ONGESIENE GEDIG

KONTEKSTUELE VRAE

Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Man wat doof word **(Peter Blum)**

Hulle wil my nie kwes nie, maar ek kom agter
dat hulle harder praat terwille van my,
want sodra ek my rug draai, praat hulle sagter,
en my aandeel in die gesprek vergly

in ‘n onbestemde ruising. Snags, by duister
wanneer klein geluide groei, laat ek my streel
deur water wat vérweg vloei, ‘n kraan wat fluister
- en weet ek nie of ek dit my verbeel.

Vertroude stemme is nog helder en skoon
- maar miskien net omdat ek die gehoorde
kan takseer volgens toonkleur, en met ál

my kennis ván, gevoel vír, die persoon;
Omdat vertroudes kan klaarkom met min woorde?
ook dáárom.
Later sal selfs dít wegval.

6.1 Benoem die spesifieke digsoort. [1]

6.2 Wat word geïmpliseer met die afwesigheid van ‘n lidwoord in die titel? [1]

6.3 Na wie verwys “Hulle” in versreël 1? [1]

6.4 Benoem die rymskema in strofe 1. [1]

6.5 Haal twee woorde uit strofe 2 aan wat dui op onsekerheid. Skryf die twee woorde ondermekaar neer. [1]

6.6 Waarna verwys “dít” in die slotreël? Skryf twee opeenvolgende woorde uit die slotstrofe neer as antwoord. [1]

6.7 Verduidelik die herhaalde gebruik van die “ui-klank” in strofe 2. [2]

6.8 Dink jy dat die tipografiese afkap van die slotreël geslaagd is? Motiveer. [2]

[10]

AFDELING B: ROMAN

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkunde teks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 7

OPSTELVRAAG: DIE KWART VOOR SEWE LELIE (ELEANOR BAKER)

Die mate waarin Iris, die hoofkarakter, die realiteit van haar bestaan deur 'n eie fantasiewereld laat oorheers, word treffend in hierdie roman uitgebeeld.
Bespreek dié stelling en verwys na die volgende:

- die fantasiewêreld versus realiteit by Iris
- die voorkoms en eienskappe van die fantasie-karakters
- die redes vir die bestaan van die fantsie-karakters
- Iris se beroepskeuse

[25]

OF

VRAAG 8

KONTEKSTUELE VRAAG: DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE (ELEANOR BAKER)

Lees onderstande uittreksel noukeurig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

1. Johanna het ook voor Claude geswik en Ma gevra om 'n Franse kookboek te
2. koop sodat sy vir die man beter kos kan maak. Sy het ook teenoor my erken dat
3. sy nie dink hy is familie nie.

4. "My mense is ronder van gesig," het sy gesê. "En korter in die lyf."

5. Elsa en Hannes was die enigste wat nie meegesleur was nie al het Claude
6. sjarmant deur die tuin gestap met klein Johan aan die hand.

7. "Dit kan nooit werk nie," het Elsa verklaar. "Die kultuurverskil is te groot."

8. "Nie regtig nie," het ek gesê. "Sy vak is kunsgeskiedenis en dis hulle al twee se
9. passie."

10. "Dis nie wat ek bedoel nie," het sy kortaf gesê.

11. "Hulle kan skaars met mekaar konverseer," het Hannes gesê. (Hy het gehou van
12. woorde soos konverseer, al het dit die res van ons hoendervleis gegee.) "Kara
13. ken twee woorde Frans en hy drie woorde Engels."

14. "Die liefde ken geen taal nie," het ek teatraal aangehaal.

15. “Bly stil, Iris,” het Elsa gesnou. “Jy is te jonk om saam te praat.”

16. “Hulle geniet mekaar,” was Ma se kalm siening. “Niemand het nog van trou
17. gepraat nie.”

18. Pa het onthuts opgekyk. “Trou!”

19. “Waar sal hulle bly?” wou Elsa weet. Sy het haar mooi hare korter geknip en
20. dit het haar strenger laat lyk.

21. Ek en Ma het gaan tee maak. Daar was tye dat ons Elsa ‘n handvol gevind het.

8.1.1 Watter soort verteller tree in die roman op? [1]
8.1.2 Noem twee voordele van hierdie soort verteller. [2]

8.2 ‘ “Bly stil, Iris,” het Elsa gesnou’ (reël 15)
Met watter deurlopende tema van die roman hou hierdie woorde verband? [1]

8.3 Hoe kontrasteer Ma se optrede in hierdie uitreksel met die manier waarop sy in die res van die roman uitgebeeld word? [2]

8.4 “Kara ken twee woorde Frans en hy drie woorde Engels.” (reël 16 – 17)
Watter kultuurverskille moet Kara en Claude ten opsigte van hulle Verhouding oorbrug? [2]

8.5 Kara en Claude se verhouding ontlok verskillende reaksies.

8.5.1 Verduidelik waarom hul verhouding so ‘n groot besprekingspunt was deur na die historiese tyd van die roman te verwys. [2]
8.5.2 Verduidelik hoe elk van die volgende gesinslede oor die verhouding voel:
(a) Johanna [1]
(b) Ma [1]

8.6 Noem twee karaktereienskappe van Elsa wat uit bostaande teksgedeelte afgelei kan word? Motiveer jou antwoord deur na die uittreksel te verwys. [4]

8.7 Wie is Johanna se gunsteling-suster(s) in die gesin? [2]

8.8 Wat is Iris se siening oor trou en die huwelik? [2]

8.9 "Angels can fly because they take themselves lightly" - G.K. Chesterton
8.9.1 Verduidelik hoe hierdie motto op Iris se lewe van toepassing gemaak kan word. [2]
8.9.2 Die Engel speel 'n belangrike rol in Iris se lewe. Tot watter insigte lei hy Iris ten opsigte van:
(a) verantwoordelikheid [1]
(b) verbeelding en werklikheid? [2]

[25]

VRAAG 9

OPSTELVRAAG: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS (PIETER PIETERSE)

Skryf 'n opstel van 450 – 500 woorde waarin jy die hoofkarakter, Baas Chipman, se soeke na sekerheid oor Christenskap bespreek deur na die volgende te verwys:

- Ouma Essie en Grace se rol in sy soeke
- Sy optrede teenoor die mense van Barotseland
- Sy verhouding met die sendelinge
- Die insig waartoe hy kom

[25]

OF

VRAAG 10

KONTEKSTUELE VRAAG: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS (PIETER PIETERSE)

Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

1. Sy het haar slaapmat by Mubuyu gaan haal en dit langs hom op die vloer
2. oopgerol.

3. Toe het sy hom daarop oorgerol. Sy het in die swart trommel gesoek vir pille,
4. maar sy kon niks kry nie, sê sy.

5. "Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die
6. laaste dosis gevat het!"

7. Sy het nie die pille gevat nie. Toe sy baie siek was, het haar ouma Essie vir
8. hom kom vra om te help. Niemand anders was bereid om na sy huis toe te kom
9. nie. Dit is omdat die mense sê hy het in die laaste tyd baie kwaai geword.

10. "Ja, goeie bedoelings kan jou ondergang word."

11. "My ouma Essie was nie bang nie. Sy het gesê sy sal meneer Baas gaan roep,
12. want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van
13. Manaka te help."

14. "Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie
15. hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te
16. kry."

17. "My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem.
18. Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen."

19. "Wat de donder het haar dié idee gegee?" sê hy in Afrikaans.

20. "Ouma Essie was reg," sê sy. "Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy
21. tog die malariapille gebring."

22. Sy verstaan Afrikaans.

23. "Baie mense het gekom om my te help maar meneer Chisupo het hulle
24. verhinder."

25. "Die vloek," kreun hy.

26. "Miskien is meneer Chisupo deur meneer Daaimon gestuur om die mense
27. bang te maak."

28. "So 'n vreksel." Baas probeer sy kop vashou.

29. Die handbewegings vererger die duiseligheid. Waar sou sy aan haar
30. perfekte Engels kom? wonder hy tussen die suising van sy ore deur.

10.1.1 Watter soort verteller kom in hierdie uittreksel voor? [1]
10.1.2 Noem een voordeel van hierdie soort verteller. [1]

10.2 Uit reëls 1 tot 10 kan 'n mens aflei dat Baas konflik ervaar.
10.2.1 Wat dui daarop dat hy konflik ervaar? [1]
10.2.2 Noem twee moontlike oorsake van die konflik. [2]

10.3 Watter verband is daar tussen "pille" (reëls 3 en 5), "duiseligheid" (reël 29) en "suising van sy ore" (reël 30)? [2]

10.4 In reël 15 - 16 stippel Baas die doel van sy verblyf in Barotseland duidelik uit.
10.4.1 Hoe verskil dit van die doel wat ouma Essie vir hom in gedagte het? [2]
10.4.2 Wat bring mee dat hy sy doel of droom uitstel? [1]

10.5 Volgens reël 19 is Baas baie antagonisties teenoor Ouma Essie.
10.5.1 Hou hy enduit vol met hierdie houding teenoor haar? [1]
10.5.2 Motiveer jou antwoord deur kortliks (nie meer as twee sinne nie) na Ouma Essie se rol in sy lewe te verwys. [2]

10.6 Baas besef dat Grace Afrikaans verstaan (reël 22). Waar het sy haar kennis van Afrikaans opgedoen? [1]

10.7 Volgens Grace het meneer Chisupo die mense verhinder om haar met Baas te help (reël 23 – 24).
10.7.1 Wie is meneer Chisupo? [1]
10.7.2 Waarom verhinder hy die mense om Baas te help? [1]

10.8.1 Wie is "Meneer Daaimon" (reël 26)? [1]
10.8.2 Wie volg hom op? [1]

EN

1. Van die worsboom se kant af kom die sagte akkoorde van 'n bekende
2. liedjie wat Grace op Nanna se kitaar speel.

3. Toe Baas by sy slaaphut ingaan, stuit sy oupagrootjie se oë hom.
4. Iemand het die toutjie ingeryg en die portret weer teen die muur gehang.
5. Hy gaan behoedsaam nader en soek tussen die hoekige lyne van die gesig
6. en in die helder oë na iets wat hy dalk deur al die jare misgekyk het. Daar
7. is niks nuuts nie.

8. Hy wig die vyfrandmunt wat Riekert vir ouma Essie gestuur het voor sy
9. oupagrootjie se bors tussen die glas en die raam in. “Jy wen, Baas
10. Dennis,” sê hy.

11. Onder die Land Rover word Baas weer naar. Sy balans is nog aangetas.
12. In die hoofpad ratel ‘n groot voertuig tussen die klipkoppe tot stilstand.
13. Iemand kom van die kerk se kant af in die Manaka-pad langs gestap. Hy
14. struikel oor ‘n klip. Dit is die lang man met die blou oorpak.

15. Hy hurk by die Land Rover, sy hand op die agterwiel.
16. “Howzit?” Whitey loer onder die bakkie in.
17. “Aan die gang,” sê Baas. Hy lê op sy sy.
18. “Ek het gedink ek sal maar daar bo stilhou, hier is dalk nie draaiplek by jou
19. kamp nie. Die mense in Ngweze het ‘n boodskap gestuur. Hulle sê hulle
20. kry nie die onderdele vir jou boot nie.”

21. “Ek het dit nie meer nodig nie. Maar dankie.”
22. Baas rol onder die voertuig uit en gaan sit met opgetrekte bene langs die
23. voorwiel.

24. Grace bring koffie. Oor haar skouer hang die geel oliebaadjie waarin die
25. patrone en die hondekos toegedraai was die nag toe hulle van die
26. hospitaal af teruggekom het. Sy knak haar knieë en hou die koffieplank na
27. meneer Whitey toe uit.

28. “Sit myne maar daar neer, dankie, Gracie.” Hy vat die oliebaadjie.
29. “Amper al daarvan vergeet,” sê hy.
30. “Dit het baie gehelp.” Baas vat die ander beker koffie.
31. “Ek skuld jou nog vir ons vervoer.”
32. “Niemand betaal my vir saamry nie.”

10.9 Waarom speel die worsboom (reël 1) so ‘n belangrike rol in Baas se lewe? [2]

10.10.1 Waarom het Baas nie die vyfrandmunt vir ouma Essie gegee nie (reël 8 - 9? [1]
10.10.2 Wat suggereer hierdie gebaar van Baas se gesindheid teenoor die plaaslike bevolking? [1]

10.11 Wat bedoel Baas met die woorde: “Jy wen, Baas Dennis” in reëls 9 - 10? [2]

10.12 Whitey sê in reël 32 dat niemand hom vir ‘n saamrygeleentheid moet betaal nie. Later sê hy dat dit ‘n familiekwaal is. Wat is hierdie “familiekwaal” waaraan Baas ook ly? [1]

[25]

VRAAG 11

OPSTELVRAAG: VATMAAR (A.H.M.SCHOLTZ)

"Vatmaar is 'n toevlug waar mense tuis kom." Bespreek en evalueer hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde deur die volgende karakters te betrek:

- Sus Bet en Oom Flip
- Miriam Mohammed
- Borman van der Westhuizen **[25]**

OF

VRAAG 12

KONTEKSTUELE VRAAG: VATMAAR (A.H.M. SCHOLTZ)

Lees onderstande uittreksel noukeurig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

1. Dit was die Sondag voor die eerste Woensdag van die maand, die derde
2. pensioendag in Yvonne Müller se lewe. Dit was haar oudste dogter Kaaitjie se dag
3. af. Haar maand af en haar dag af was dieselfde as die van ‘n plaaskneg. Sy het
4. een Sondag in die maand afgekry. Die ander drie Sondae moes sy buite die kerk
5. wag tot die Bosmans by wie sy gewerk het, uit die diens kom. Dan moes sy die
6. kinders se hande vat asof hulle sal verdwaal. Maar eintlik was dit om die gemeente
7. die Bosmans se status te kan laat sien. Sy moes die kar se voordeur vir Miesies
8. Ollie Bosman oopmaak om in te klim, en dan weer toemaak as sy eers sit, en dan
9. wag tot die miesies vir haar met die kop knik. Dan moes sy die agterdeur oopmaak,
10. die twee kinders laat inklim, die voordeur toemaak en wag dat die kar wegtrek.
11. Daarna moes sy na haar buitekamer terugloop en daar wag tot sy geroep word om
12. haar kos op die vensterbank te kom vat.

13. Die vierde Sondag was haar dag af. Dit het met sonop begin en met sononder
14. geëindig. Haar loongeld het sy die Saterdag al gekry want die Bosmans het geglo
15. dis verkeerd om op die dag van die Here met geld te werk. Net soms het die laaste
16. Sondag op die laaste dag van die maand geval.

17. Hierdie Sondag het sy later as gewoonlik in die pad geval en niks saamgevat nie
18. want haar ma het gesê: Kaaitjie, my kind, van nou af spandeer jy jou loon op jouself.

19. Sy het eers gewag om te sien of Kenny nie sal kom nie, gehoop en gewag vir sy
20. omhelsing. Ek wens, ek wens, ek wens, het sy aanmekaar gedink. En dan weer:
21. Laat ek maar wag. Sy het gewens, gehoop, verlang, gebid dat niks met haar Kenny
22. gebeur het nie. Niks was meer dieselfde van daardie vervloekte middag af wat
23. Suzan opgedaag het met die nuus oor haar ma nie. Dit was die laaste keer dat sy
24. haar Kenny gesien het.

12.1.1 Watter soort verteller kom in hierdie uittreksel voor? [1]
12.1.2 Wat is die voordeel van hierdie soort verteller in ‘n roman? [1]

12.2 “die derde pensioendag in Yvonne Müller se lewe”
12.2.1 Na watter soort pensioen word hier verwys? [1]
12.2.2 Verduidelik kortliks waarom Yvonne Müller op hierdie pensioen geregtig was. [2]
12.2.3 Wat was haar inkomstebronne voordat sy hierdie pensioen ontvang het? [2]

12.3 Die uittreksel handel oor Kaaitjie se dag af en haar besoek aan Vatmaar. Vanaf reël 3 tot reël 16 word daar egter afgewyk van die hoofvertelling en word Kaaitjie se werksomstandighede beskryf. Watter funksie verrig hierdie soort "afwykings' in die roman? [2]

12.4 Noem een ander vrouekarakter in die roman wat dieselfde soort werksomstandighede as Kaaitjie gehad het. [1]

12.5 "Die ander drie Sondae moes sy buite die kerk wag …" (reëls 4 – 5) Verduidelik kortliks hoe hierdie aanhaling skakel met die tema van die *liefde* wat in die roman voorkom. [2]

12.6 Herlees reël 7 tot reël 12. Noem twee karaktereienskappe van Mevrou Ollie Bosman wat in hierdie reëls geïmpliseer word. [2]

12.7 "Miesies Ollie Bosman" (reëls 8 – 9). In die roman word kwetsende aanspreekvorme soos *Miesies* en *Baas* gebruik. Dink jy hierdie aanspreekvorme is gepas? Motiveer jou antwoord deur na die historiese tyd van die romangebeure te verwys. [2]

12.8 Watter eienskap van die Bosmans kan uit reëls 14 en 15 afgelei word? [1]

12.9 Verduidelik die dramatiese ironie in reëls 21 – 22. [2]

12.10 In reëls 22 – 23 lees ons: "daardie vervloekte middag .. wat Suzan opgedaag het met die nuus oor haar ma …"

12.10.1 Watter nuus oor haar ma het Suzan daardie middag gebring? [1]

12.10.2 Watter gebeurtenis het aanleiding gegee tot hierdie "nuus" oor haar ma? [2]

12.10.3 Watter rol het Kenny op daardie vervloekte middag gespeel? [2]

12.11 Waarom sou Kenny se ouers nie tevrede wees met die liefdesverhouding tussen hul seun en Kaaitjie nie? [1]

[25]

AFDELING C: DRAMA

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkunde teks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 13

OPSTELVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS (Adam Small)

Ontleed die geslaagdheid van *Krismis van Map Jacobs* as 'n tipiese voorbeeld van protesteater in 'n opstel van 400-450 woorde deur te verwys na:

- Die taalgebruik
- Godsdienstige verwysings
- Sosiale misdrywe
- Die uitsiglose bestaan van die karakters
- Die dramatiese handeling **[25]**

OF

VRAAG 14

KONTEKSTUELE VRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS Adam Small

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarna volg.

1. 2. 3. 4. 5. 6.	CYRIL: Moenie so panic nie, ou dad. Ons verstaan. Dink jy ons verstaan nie? Jy en die missies (wys boontoe), julle wil vir julle ytkoep hierso yt die township yt. Julle spaar vir 'n plotjie grond en 'n hys, somewhere else. In 'n decent colured area. *(beklemtoon "decent"*). Julle wil hierso yt onse township yt escape. Julle wil *(wys na die geboue).* Right? Djulle fit mos nie in nie, dis nie julle soort lewe nie! Nie ons types nie! *(wys na Richie, na Tommy, na homself .)* Fair ... enough! *(Lag).*
7. 8.	TOMMY: Los nou vir uncle Cavernelis af, man! *Dan verskyn missies Cavernelis bo.*
9. 10.	MAUD: Cavernelis, please laat staan die rubbish and go your own way. Wat staan jy nog daar? Kry jou koers en kom in!
11. 12. 13. 14.	CYRIL: Daar's 'ie orders! Good luck, ou dad! Hoe sil jy sê, ou Tommy? To health, wealth and happiness ... and living like real persons! Hê! Living like real persons! Best of luck, mister Cavernelis, best of luck ... *Stilte dan -*
15. 16. 17.	CYRIL *(venynig)*: En mister Cavernelis , mister Cavernelis wiet natuurlik lat Map Jacobs ytkom nou, die sewende vannie maand. Op parole, ja ...Map Jacobs ...*(Begin lag.)* Net nou lat Blanchie sukke luck beginne strike!
18.	*Cavernelis verstyf, staar . Cyril lag. Richie dan ook.*

19.	CAVERNELIS *(ongelowig)*: Map ... Jacobs?
20.	CYRIL: Het mister Cavernelis dan nie gewiet nie? Ek mien van Map Jacobs, lat hy
21.	ytkom nie. *(Hy lag en lag.)*
22.	MAUD *(roep)*: Cavernelis!
23.	CAVERNELIS: Map ... Jacobs
24.	CYRIL *(lag)*: Onthou Mister Cavernelis nog vi' Map Jacobs? Onthou Mister Cavernelis
25.	nog? *(Lag.)*
26.	*Die lig verander. Cyril-hulle verdwyn. Cavernelis alleen. Dan kom Blanchie in. Asof in*
27.	*Cavernelis se "flat". 'n Terugflits.*

14.1 "Jy en die missies *(wys boontoe),* julle wil vir julle ytkoep hierso yt die township yt" (reëls 1 en 2)

14.1.1 Na wie verwys "jy en die missies"? [2]

14.1.2 Verduidelik wat Cyril met hierdie woorde bedoel. [2]

14.2 Verskaf twee redes waarom Cyril vir mister Cavernelis so minag. [2]

14.3.1 Watter tipe konflik kom in die uittreksel tussen Cavernelis en Cyril voor? [1]

14.3.2 Hoe word die konflik beëindig? [1]

14.4 Beide Maud en Blanch praat veral Engels in die drama. Waarvan is dit 'n aanduiding, soos gesien uit Cyril en sy vriende se oogpunt? [2]

14.5 Hoe word Blanche in die drama gestereotipeer? [1]

14.6 "Daar's 'ie orders" (reël 11)
Wat is die geïmpliseerde betekenis van Cyril se woorde? [2]

14.7 Cyril wens Mister Cavernelis " health, wealth, and happiness... and living like a real person " toe (reëls 11 en 12). Waarom is dit ironies? [2]

14.8 Verduidelik die ooreenkoms tussen wat Mister Cavernelis en Tommy Sobotker doen. [2]

14.9 Wat is Tommy se houding teenoor Mister Cavernelis soos dit uit die uittreksel blyk? Motiveer jou antwoord deur na die uittreksel te verwys. [2]

14.10 Hoe het Map aan die naam "Map" gekom? [2]

14.11 Verduidelik hoe die beligting effektief aangewend word om terugflitse aan te dui. [2]

14.12 Herlees die neweteks in reëls 18 en 19 en verduidelik dan waarom Cavernelis verstyf wanneer hy hoor dat Map op parool vrygelaat gaan word. [2]

[25]

VRAAG 15

OPSTELVRAAG: MIS (REZA DE WET)

Mis handel oor die mens se begeerte tot ontvlugting uit 'n beperkende bestaan. Ontleed hoe hierdie tema in die drama in die karakter van Meisie uitgebeeld word deur die volgende aspekte te betrek:

- die rol wat die ruimte en haar ma in haar beperkende bestaan speel
- haar pogings om te ontvlug
- die konstabel se rol in haar uiteindelike ontvlugting **[25]**

OF

VRAAG 16

KONTEKSTUELE VRAAG: MIS (REZA de WET)

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarna volg.

1. MIEM: Laatmiddag het ons altyd gaan stap. Nooit veel gepraat nie.Hy het my
2. arm vasgehou en aan sy pyp gesuig …(*Sug*) Nou ja … ek is seker hy sal afkom
3. … as Meisie die dag trou. Ek kan dit sien. Gabriël … 'n bietjie ouer maar nog 'n
4. mooi man en Meisie met 'n sluier en 'n sleep. Stadig, stadig loop hulle na die
5. preekstoel terwyl die orrel speel. En voor die kansel wag 'n jong man.
6. (*Fluister betekenisvol*) 'n Baie gelukkige jong man. (*Sug*) Nou ja, dit is my
7. enigste hoop. *Die agterdeur gaan oop. Gertie verskyn. Haar bloes is weer netjies*
8. *toegeknoop en haar hare is ietwat onnet op har kop vasgesteek. Die sirkusmusiek*
9. *kan gehoor word.*

10. MIEM: Gertie, vir wat dwaal jy daar buite rond? Jy besef tog die gevaar.

11. GERTIE (effens verbouereerd): Oefening en koue, vars lug … bevorder 'n goeie nagrus.

12. MIEM: En maak toe die deur!

13. GERTIE: Jammer, Miem. (*Maak die deur toe*)
14. *Die sirkusmusiek kan nie meer gehoor word nie.*

15. MIEM (staan swaar op): Nou ja, dan gaan kruip ek maar in.

16. GERTIE: Ek ook.

17. MIEM: Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.

18. GERTIE: Die skoolklok lui al kwart voor agt.
19. *Honde wat blaf.*

20. MIEM: Hoor net. Dis die polisiehonde wat so blaf.

21. GERTIE: Die dorp word goed beskerm. (*Kyk skaam na die konstabel*) Ek is seker
22. daar sal dié keer niks gebeur nie.

23. MIEM: Ek is nie seker nie, Gertie. Ek … het so 'n aardige gevoel. Maar wag, ek
24. wil nie spoke opjaag nie. Kom ons gaan slaap. Nou goed, Konstabel, ek hoop om
25. u gou weer te sien. (*Draai albei lampe se pitte af*) Ek draai maar die lampe se
26. pitte af. Alles kos geld en vir u is dit om 't ewe, nie waar nie?

27. KONSTABEL: Dit is so, Mevrou.

28. MIEM: Goeienag, Konstabel.

29. KONSTABEL: Goeienag, Mevrou. Goeienag, Juffrou.

30. GERTIE: Goeienag, Konstabel.

16.1.1 Met wie is Miem vanaf reël 1 tot 7 in gesprek? [1]
16.1.2 Waarom is dit betekenisvol dat sy haar intieme sake juis met hierdie persoon deel? [2]

16.2 "...ek is seker hy sal afkom ..." (reël 2)
16.2.1 Waar bevind "hy" hom? [1]
16.2.2 Verduidelik kortliks die omstandighede wat daartoe gelei het dat "hy" hom daar bevind. [2]
16.2.3 Verduidelik die simboliek van die naam Gabriël. [2]

16.3 "(*Fluister betekenisvol*) 'n Baie gelukkige jong man." (reël 6)
Wat is die geïmpliseerde betekenis van hierdie neweteks is. [2]

16.4 "*Die sirkusmusiek kan gehoor word."* (reëls 8 – 9)
Verduidelik kortliks wat Miem se opvatting oor die sirkus en sirkusmusiek was. [3]

16.5 Watter karaktertrek van Miem kan die leser uit hierdie uittreksel aflei op gond van haar optrede teenoor Gertie? [1]

16.6 "Die besending mis word sewe-uur gelaai." (reël 17)
16.6.1 Waarom is die mis vir Miem-hulle belangrik? [1]
16.6.2 Watter betekenis van die titel *Mis* is in hierdie aanhaling ter sprake? [1]
16.6.3 Noem drie ander moontlike betekenisse van die titel *Mis*. [3]

16.7 "Ek is seker daar sal dié keer niks gebeur nie." (reëls 21 – 22)
16.7.1 Na watter spesifieke dag word daar in die aanhaling verwys? [1]
16.7.2 Verduidelik kortliks wat twee vorige kere op hierdie dag gebeur het. [1]
16.7.3 Wat is die simboliese betekenis van hierdie spesifieke dag? [2]

16.8 "Ek draai maar die lampe se pitte af." (reëls 25 – 26)
Verduidelik kortliks die Bybelse konnotasie van hierdie woorde. [2]

[25]

Kontrolelys

Gebruik hierdie kontrolelys om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	**VRAAG-NOMMER**	**GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD.**	**MERK ✓**
A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte)	1-4	2	
A: Gedigte (Ongesiene Gedig)	5-6	1	
B: Roman (Opstel- of konteksvraag)	7-12	1	
C: Drama (Opstel- of konteksvraag)	13-16	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdeling B en C.			